higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

(8011024)

22 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer vrae as die vereiste aantal vrae beantwoord, word slegs die vereiste aantal vrae nagesien. Trek 'n duidelik streep deur alle werk wat jy NIE nagesien wil hê nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik ’n pen met slegs BLOU of SWART ink.
6. Laat minstens DRIE reëls oop ná elke vraag.
7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... is elemente van die misdaadvoorkomingsdriehoek (uit 'n misdadiger se oogpunt).

A Wraak, geld en gierigheid
B Begeerte, vermoë en geleentheid
C Motief, bewyse en getuies
D Plan, voorbereiding en implementering

1.2 ... is dieetvesel wat NIE in water oplosbaar is nie.

A Laekoolhidraatvesel
B Oplosbare vesel
C Hoëkoolhidraatvesel
D Onoplosbare vesel

1.3 GI-waardeklassifisering: Lae GI: ...; intermediêre GI: ...; en hoë GI: …

A 10 en laer; 10 tot 20; 20 en hoër.
B 1 tot 49; 50 tot 99; 100 en hoër.
C 55 en laer; 55 tot 70; 70 en hoër.
D onder 100; 101 tot 199; 200 en hoër.

1.4 ... is 'n komponent van die Suid-Afrikaanse Polisiediens se vaardigheids- en vreesfiksheidstoets.

A Die 25 m-skuifeldraf
B Die 2.4 km-wedloop
C Die bandweerstandsoefening
D Opsitte

1.5 ... is 'n swak voedingsgewoonte wat tydens persoonlike selfassessering geïdentifiseer kan word.

A Om gereelde etes te nuttig wat alle voedselbronne insluit (ontbyt – klein porsies; middagete – klein porsies; en aandete – groot porsies)
B Om gesonde versnaperinge tussen etes te nuttig om die bloedglukosevlakke stabiel te hou
C Om goeiegehalte-, vars kos te koop
D Om vir die regte redes te eet en wanneer jy honger is (nie om jou goed te laat voel nie)

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

versadigde vette; kragoefeninge; strekoefeninge; onversadigde vette; asemhalingsoefeninge; lae GI-vette; intervaloefeninge; stamina-oefeninge; proteïenvette

2.1 Oefeninge wat in ’n oefeningsessie tussen hoë-intensiteits- en lae-intensiteitsoefeninge wissel, kan as ... gekategoriseer word.

2.2 Oefening wat verlang dat jy minstens ’n vyfdagoefeningsprogram volg en wat daarop fokus om spiergrootte te vergroot en senings te verbeter, kan as ... gekategoriseer word.

2.3 ... is ongesonde vette waarvan die molekules GEEN verdere ruimte het om bindings met waterstofatome te vorm nie.

2.4 ’n Stel oefeninge wat die buigbaarheid van jou spiere en senings sal verbeter, kan as ... gekategoriseer word.

2.5 ... is gesonde vette waarvan die molekules nog ruimte het om bindings met waterstofatome te vorm.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die voordeel van ’n rekenaargesteunde aanbieding in ’n misdaadvoorkomingsplan is dat jy skuifies, beelde, grafieke en teks in jou aanbieding kan importeer.

3.2 Artikel 41 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal dat alle owerheidsfere en alle staatsorgane met wedersydse vertroue en in goeder trou met mekaar moet saamwerk.

3.3 Wanneer vennootskappe gevorm word om ’n misdaadkwessie te hanteer, moet die Suid-Afrikaanse Polisiediens die sleutelrolspeler en sentrale punt van alle aktiwiteite wees.

3.4 Die ontleding van die samewerking tussen vennootskappe is noodsaaklik, en die hooffokus daarvan is om die verkeerde optrede van elke rolspeler te bepaal.

3.5 Die GI van maaltye kan verlaag word deur iets suurs by die maaltyd te voeg soos asyn of suurlemoensap.

3.6 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se Basiese Leerprogram vir Polisie-ontwikkeling voorsien onder andere vaardighede in en kennis van die gebruik van vuurwapens soos die 9 mm-pistool, R5-aanvalsgeweer en haelgeweer aan polisiekwekelinge.

3.7 Om ’n dagboek tydens polisie-opleiding te hou, is ’n noodsaaklike hulpmiddel om daaglikse leer te versterk. Onderwerpe vir hierdie dagboeke sluit onder andere sterkpunte en areas in waarop verbeter kan word.

3.8 Daar word van polisiekwekelinge, wat die Basiese Leerprogram vir Polisie-ontwikkeling deurloop en dit slaag, verwag om verdere opleiding te ondergaan voordat hulle speurderspligte in die Suid-Afrikaanse Polisiediens kan verrig.

3.9 Polisielede mag met hul linkerhand salueer as hul regterhand beseer is.

3.10 Die nasionale saluut word gebruik wanneer die nasionale vlag gehys word; al die polisielede wat die parade bywoon, moet dan salueer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	’n Vennootskap wat deur middel van ’n hoëvlakooreenkoms tussen organisasies gevorm word	A	informele vennootskap
4.2	’n Vennootskap wat gevorm word om misdaadvoorkomingsprojekte en -programme te lewer	B	kwalitatiewe navorsing
4.3	’n Vennootskap wat uit losse netwerke van belangstellende en betrokke partye bestaan	C	operasionele vennootskap
4.4	’n Vennootskap wat individue vir ’n aangewese misdaadvoorkomingsgroep insluit wat ’n agentskap of ander groep verteenwoordig	D	nasionale vennootskap
4.5	Die soort navorsing wat houdings, gedrag en ervarings ondersoek met behulp van metodes soos onderhoude of fokus-groepe en deur polisiëringsagent-skappe te gebruik om inligting te verkry wanneer leerprogramme ontwerp word	E	strategiese vennootskap
		F	kwantitatiewe navorsing
		G	formele vennootskap
		H	feitelike navorsing
		I	onafhanklike vennootskap

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen die begrippe *primêre misdaadvoorkoming* en *sekondêre misdaadvoorkoming* (6)

5.2 Verduidelik kortliks wat 'n strategie vir gemeenskapsmisdaadvoorkoming behels. (5)

5.3 Bespreek wat gedoen kan word om misdaad by huise deur middel van 'n omgewingsontwerp (*CPTED*) te voorkom. (4)

5.4 Bespreek die voordele wat samewerkingsprobleemoplossing vir die polisie en vir die gemeenskap inhou. (7)

5.5 Gee enige DRIE aanbiedingsmetodes wat gebruik kan word om 'n samewerkingsplan voor te hou. (3)

[25]

TOTAAL VIR AFDELING B: 25

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Daar word 'n vergadering van die Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) gehou en 'n aanbieding oor misdade word gegee. Die aanbieding lig die volgende uit:

- Misdade sluit rooftogte, aanranding, diefstal en moord in.
- Al die rooftogte word op 'n soortgelyke manier gepleeg: Die rooftogte het tussen 08:30 en 10:00 plaasgevind; vyf (5) mans was daarby betrokke; almal was heeltemal in swart geklee en hul gesigte is soos dié van 'n nar opgemaak; al die verdagtes het vuurwapens gehad en willekeurige skote is in die lug afgevuur; en hulle het slegs winkels met hoëwaardegoedere beroof.
- Die wetstoepassingsagentskappe word oor die volgende kwessies gekritiseer: Hul reaksietyd is tussen 30 minute en 18 uur; beperkte tyd word op misdaadtonele deurgebring; en die resultate van die ondersoeke en die skuldigbevinding word nie gekommunikeer nie.
- 'n Ooggetuie by een van die moordmisdaadtonele het 'n verklaring geskryf waarin die polisie se optrede uiteengesit word: Die polisie het eers ses (6) uur nadat 'n jong meisie vermoor is, opgedaag. Die misdaadtoneel was in 'n bos en dit het begin reën net toe die polisie daar aankom. Die polisielede het aangedui dat die reën al die bewyse vernietig het en het gereël dat die liggaam verwyder word. Hulle het toe die misdaadtoneel verlaat en geen verklaring van die getuie afgeneem nie.

6.1 Verduidelik die modus operandi van die rowers. (3)

6.2 Identifiseer die volgende misdaadverplasings ten opsigte van die rooftogte:

6.2.1 Die misdaad is tussen 21:30 en 23:30 gepleeg.

6.2.2 Twee vroue en een man is as die nuwe verdagtes geïdentifiseer.

6.2.3 Slegs voertuie is gesteel.

(3 × 1) (3)

6.3 Bespreek wat die polisielede verkeerd gedoen het toe hulle by die moordmisdaadtoneel opdaag. (5)

6.4 Verduidelik kortliks enige SEWE stadiums wat deur almal, wat by die ondersoek van die moord op die jong meisie betrokke is, in aanmerking geneem moet word, van die oomblik toe die klagte ingedien is of daaraan aandag geskenk is totdat dit afgehandel is. (7)

6.5 Noem die forensiese tegnieke wat die polisie kan gebruik om ’n moontlike opsporing en skuldigbevinding vir die moord op die jong meisie te verkry. (5)

6.6 Gee redes dat enige VIER modules wat in die Basiese Leerprogram vir Polisie-ontwikkeling aangebied word, van belang is om die prestasie van polisielede betreffende misdaadondersoek te verbeter. (4)

6.7 Noem die voordele wat getrek kan word uit die vorming van ’n suksesvolle vennootskap om die tersaaklike misdaadkwessies te verminder. (3)

[30]

TOTAAL VIR AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.

VRAAG 7

Daar kan eers sprake van die identifisering van probleme en van besluite oor die prioritisering van probleme wees wanneer bepaalde soorte inligting oor die misdade in die gebied bekend is.

Verduidelik die soorte inligting wat ingewin moet word om probleme te identifiseer wat dit vir jou moontlik sal maak om ingeligte besluite te neem oor wanneer en watter probleme geprioritiseer moet word. **[20]**

OF

VRAAG 8

Die ondersoeke na misdaad is nie van 'n goeie gehalte nie, wat opsporings en skuldigbevindings beïnvloed. Om slegs die misdaadondersoekdiens te herstruktureer, is egter nie voldoende om swak prestasie te verbeter nie.

Verduidelik watter ander bykomende maatreëls die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet tref of stappe wat hulle moet doen om hul prestasie in misdaadondersoeke te verbeter.

NOTA AAN DIE LEERDER: Noem die maatreëls of stappe en verduidelik elkeen daarvan. **[20]**

TOTAAL VIR AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou